

2 Januarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:1-4
Fokusgedeelte: Hebreërs 2:3c-4

Voorregte bring verantwoordelikhede mee

As kinders van God en geskape na die beeld van God, het ons elkeen, benewens al ons voorregte, ook 'n pligstaat met verantwoordelikhede. Dit is die kernwaarheid van hierdie vier verse in die Hebreërbrief.

Die skrywer argumenteer dat Jesus se verkondiging gehoorsaamheid soveel te meer vereis, omdat die woorde wat deur Hom gesê is, soveel gesaghebbender is as die wat God deur die engele gegee het. Hierdie gehoorsaamheid beteken nie net hoor wat die Here sê nie, maar dat jy ook doen wat Hy wil hê (vgl. Jak 1:22-25).

Mense wat Jesus tydens sy aardse omwandeling gesien en direk gehoor het, was oor- en ooggetuies van Jesus se woorde en dade. Die lesers van die Hebreërbrief, en ook ons, het Jesus nie met ons liggaamlike oë gesien nie. Ons het egter in die Nuwe Testament die getuienis van mense wat Hom wel gesien en gehoor het. Veral die apostels was ons "oë en ore". Jesus sê ook (Joh 20:29): "Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo."

Wonderwerke en die aktiewe werking van die besondere gawes van die Gees van God het krag aan die evangelieboodskap verleen – ja, soveel krag dat die mense besef het dat die evangelie van die Here Jesus Christus nie sommer maar 'n mens-uitgedinkte godsdiensbeweginkie is nie (Hand 9:31-42).

Ons moet egter nie altyd die buitengewone in ons lewe verwag nie. God werk ook kragtig in die normale en gewone dinge van die lewe. Stel jou daarop in om dit raak te sien in jou daaglikse lewe, ook in die klein dingetjies.

Sing: Psalm 40:3, 4

Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)